

Saamgestel deur Wiehan Visagie



'N VOEDINGSTRATEGIE VIR SKAAPBOERE IN 'N SEMI-ARIDE GEBIED

Droogte is deel van die lewe vir skaapboere in Suid Afrika, en daarom maak hul gewoonlik voorsiening vir swaar tye. Die meeste van die boere stoor voer tydens goeie periodes en hul knap altyd veesuipings op om seker te maak dat die drinkplekke genoegsame water kan voorsien.

Vir talle boere is vanjaar se droogte egter sinoniem met 'n ramp of selfs die hartseer van verlies in hul lewens. So bring elke droogte sy eie stel uitdagings. Tot watter mate jy die droogte gaan oorleef hang alles af van jou oorspronklike plan van aksie en die aanpassing in jou strategie soos die droogte voortduur.

Beplanning en besluitneming moet so spoedig as moontlik gedoen word, veral as jy agterkom dat 'n swak seisoen moontlik mag oorgaan in 'n lang en uitgerekte droogte. Wanneer jy die besluitneming uitstel tot net voor die aanvang van 'n droogte, sal jy vind dat baie van die goeie bestuursbesluite (in die verlede geneem) gou verdwyn. Vleispryse val altyd dramaties vinning, voerpryse skiet die hoogte in en hande-arbeid is moeilik bekombaar.

Die eerste stap is om die plaas se finansiële en fisiese hulpbronne te lys, sodat die uitkoms van verskillende strategieë (kort- en langtermyn) bepaal kan word. Water is sekerlik die belangrikste hulpbron om by te begin. Sou dit nie voldoende beskikbaar wees nie, is dit baie moeilik om groter hoeveelhede skaap aan te hou.

Die volgende stap is om te probeer bepaal wanneer die droogte moontlik gaan ophou. Dit gaan jou berekeninge beïnvloed oor die termyn wat jy die skape gaan voer, hoeveel dit gaan kos en wanneer om skape te verkoop, of nie. Dit is altyd goed om dit konserwatief te benader en 'n oorskatting te maak van die periode waarin jy voer gaan moet voorsien.

Jy moet die volgende vrae aanspreek om jou aksieplan goed op te stel:

1. Hoe lyk my finansiële situasie?
2. Moet ek 'n finansiële adviseur gaan sien?
3. Het ek die tyd en toerusting om die die skape te voer?
4. Hoe lank moet ek voer voorsien?
5. Is my doelwit onderhoud- of produksie gedrewe?
6. Wat is die voedingsbehoefte van die verskillende groepe diere?
7. Watter tipe voer gaan ek gebruik en wat sal die kostes wees gedurende verskillende stadiums van die droogte?
8. Het ek genoegsame water om die droogte te oorkom?
9. Hoe gaan my strategie die weiding en die grond beïnvloed?
10. Hoe beïnvloed die aksieplan die lewensvatbaarheid van die strategie op 'n volhoubare basis?

HOE PAS ONS DIE BOGENOEMDE VRAE TOE?

Voedingsdoelwitte

Die opstel van teikens is dan 'n direkte gevolg van bogenoemde vrae. Voor 'n boer oorweeg hoeveel voer hy moet aankoop, is dit belangrik om te verstaan wat die doelwitte vir elke groep skape in die betrokke droogtetoestand moet wees. Doelwitte vir elke voerprogram mag moontlik wees om byvoorbeeld die ooie se kondisie op te bou, veral vir paringdoeleindes, of dit kan wees om die speenlammers se gewig te onderhou vir die volgende drie maande. Verskillende tekens gaan verskeie voeraankope, -koste en beplanning van die boer verg. Heel moontlik sal die doelwitte ook die tipe kostes rakende verskillende kwaliteit voere beïnvloed.

Liggaamskondisie

Beoordeling van vetreserwes van skape kan 'n belangrike hulpmiddel wees om die diere se gewig te monitor. Dit kan rigting gee aan die besluitneming rondom die behoeftes van diere om gewig te verloor of om dit weer aan te sit. Dit is 'n vinnige metode en natuurlik 'n moet vir jong lammers wat min vetreserwes het en gewig moet aansit. Vetneerlegging kan gemeet word by die kortrib (kondisiepunt) of by die langribbes (vettelling).

Lewende massa

Lewende massa is vir die meeste boere makliker om te bepaal. 'n Daling in 'n kondisiepunt of vet-telling is gelyk aan 'n gewigsverlies van tot 7 kg by skape. Indien die boer nie die vaardigheid het om die diere van een kondisiepunt na die volgende te skat nie, dan kan die gewigsverlies baie groot wees voor hy dit uiteindelik agterkom. 'n Paar goeie skale betaal vir hulself, veral wanneer dit reg aangewend word, om byvoorbeeld voedingbehoefte vroegtydig te bepaal deur die kontroliering van gewigsverandering.

Alhoewel die verandering in liggaamsmassa gereeld op plase gebruik word as hulpmiddel, moet boere versigtig wees om nie mislei te word met die gewigstoename van laat dragtige ooie nie. Hierdie ooie se gewig neem vinnig toe, maar hul verloor weer baie van hul eie vetreserwes, en dit vind alles plaas weens die vergrote lamgewig in die baarmoeder. Speenlammers moet verkieslik altyd gemonitor word deur gewigsverandering, omrede hul vetreserwes altyd laag sal wees, weens die behoefte vir vinnige groei.

Vroeg speen

Om lammers vroeg te speen kan die boer help om kostes te bespaar en in die proses die bestuur van ooie en lammers vergemaklik. Een van die belangrikste voordele van vroeg speen is dat die ooi baie minder kondisie verloor en dan vinniger terugkeer na haar ideale liggaamsgewig vir paring. Die belangrikste faktore om te onthou vir lammers tydens vroeg speen is 'n minimum ouderdom van 6 weke, minimum lewende liggaamsgewig van 9 kg ('n duimreël is gewoonlik twee maal die geboortegewig) en dan die gebruik van hoë kwaliteit rantsoen en goeie bestuur.

Laat speen

Onder natuurlike toestande vind speen op 6 maande plaas, om sodoende die ooi die geleentheid te gee om terug te keer na estrus. Hierdie periode val gewoonlik in die vroeë gedeelte van herfs. Lammers wat in die lente gespeen word, word meestal langer op weiding gelos en dan van die veld af bemark. Dit is nie ongewoon om "lentelammers" later te speen as "herfs lammers" nie. Laasgenoemde word gewoonlik in somerreëvalgebiede toegepas en die omgekeerde is dan waar vir die Overbergstreek.

Daar is 'n hele paar voordele om later te speen. Die ooie en lammers ondervind minder spanning en die risiko vir die ooi om mastitis te ontwikkel is laer. Haar melkproduksie daal heelwat na die lammers weggeneem word. Om later te speen stel ook die boer in staat om sy beskikbare weiding goed te benut.

Onder normale omstandighede sal die groeiteken vir speenlammers rondom 50% van hul volwasse liggaamsgewig (4 jaar ouderdom) wees en om hierdie gewig hopelik al teen herfs te bereik. Hierdie periode kan aangepas word om te kompenseer vir moontlike swak groei gedurende maande van droogte. Dit kan dan deel vorm van die droogte voedingstrategie. Alhoewel hierdie periode verleng kan word, moet daar gepoog word om ernstige ondervoeding te voorkom. Speenlammers wat swak voeding ontvang (gedurende hul eerste jaar van groei) kan oor 'n leeftyd tot 20% van hul totale reproduksiepotensiaal verloor.

Proteïen en ruvoer

Dit is veilig om te noem dat waar diere genoegsame energie vanaf weiding ontvang, proteïen gewoonlik nie 'n beperkende faktor vir droë diere is nie – afhangend van reproduksiestatus. Waar daar groenigheid beskikbaar is, kan energie wel 'n beperkende faktor wees vir jonger diere, maar weens die uitsoek van jong, groen materiaal kan daar tog wel aan proteïenbehoefte voorsien word.

Ruvoer en vesel is weer minder beperk waar skape in kleiner kampe gevoer word, veral as daar genoeg droë voer beskikbaar is.

Aanvullende voeding

Die voor-die-hand-liggende keuse (in 'n droogte rantsoen) is die beskikbare hulpbronne op die plaas, maar dit mag dalk nie aan die nutriëntbehoefte van die skape voldoen nie. Sou van die hulpbronne op die plaas in aanvraag wees, kan dit wys wees om dit te verskans en dan die nodige rou materiaal in te koop (wat moontlike goedkoper mag wees) om aan die kudde se behoeftes te voorsien.

Energie is een van die belangrikste behoeftes tydens droogte en 'n goeie energie-aanvulling voorsien meerendeels genoegsame proteïen, vitamien en minerale. Sou die diere 'n spesifieke behoefte aan proteïen ontwikkel kan 'n diervoedingskundige 'n rantsoen formuleer om dan aan se kudde se unieke behoeftes te voorsien.

'n Kliënt vanuit die Hantam-omgewing het my vroeg, voor die droogte gekontak. Volgens hom het hul 20 jaar terug hawer en koring gesaai en hy het van die strooi oor. Die streek leen hom daartoe om ruvoer lank te stoor, weens die droë klimaat. Volgens hom is die strooi nog in 'n goeie toestand, maar sy diere sukkel om voldoende te presteer op hierdie laer kwaliteit ruvoer. Ek kon nie anders as om te dink oor hoe ons hierdie beskikbare hulpbron kan aanwend nie. Vinnig het ons 'n aanvullende wenlek (in pilvorm) geformuleer met die nodige proteïen om die mikrobies in die grootpens aan te help om te vermeerder, en daarvolgens die dier in staat gestel om die strooi te verteer. Hierdie Tanqua - wenlek teen 350 g per dier per dag vir onderhoud en teen 450 g per dier per dag vir produksie lewer nou uitstekende resultate by 'n boer in die knyp tydens moeilike omstandighede.